
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf ŉ OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **Skielik staan hy/sy voor my ...** **[50]**

1.2 Verdere studie – waardevol of nutteloos? **[50]**

1.3 *ŉ Vreemde verhaal.* **[50]**

1.4 "Ek voel my omsingel vandag. Fyngedruk soos ŉ mot. Ek glo nie meer in dinge-sal-regkom nie." **[50]**

1.5 Die wiel draai. **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf ŉ OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron:www.bullying.co.za] **[50]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.7



[Bron: www.lock and key.com] **[50]**

1.8




[Bron: tegnologie.pgn] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elk.
Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Verlede jaar se hoofseun/hoofdogter is genooi om as motiveringspreker op te tree tydens julle laaste skooldag voordat die eindeksamen begin.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

Gebruik bostaande formaat en stuur ŉ E-POS aan die hoofseun/hoofdogter waarin jy hom/haar bedank vir die wyse waarop hy/sy julle gemotiveer het asook vir die waardevolle wenke wat julle ter voorbereiding van julle eindeksamen ontvang het. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Jy is besig met die voorbereiding vir jou rekordeksamen en jou studie-program word deur beurtkrag in die wiele gery.

Rig ŉ KLAGTEBRIEF aan die uitvoerende hoof van ESKOM waarin jy jou dilemma verduidelik. **[25]**

2.3 **HULDEBLYK**

Een van jou familielede is die afgelope naweek in ŉ fratsongeluk oorlede.

Skryf ŉ HULDEBLYK oor hierdie familielid wat tydens die gedenkdiens gelees gaan word. **[25]**

2.4 **KOERANTBERIG**

ŉ Tiener in julle omgewing het vermis geraak, maar is na twee dae weer gevind.

Skryf ŉ KOERANTBERIG daaroor vir die dorp se gemeenskapskoerant. **[25]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 **FORMELE VERSLAG**

Jy was die ooggetuie van ’n rooftog wat by ’n winkel in jou omgewing plaasgevind het.

Skryf ’n OOGGETUIEVERSLAG wat jy aan die polisie gaan oorhandig. **[25]**

2.6 **FORMELE TOESPRAAK**

Jy het aansoek gedoen vir ’n studiebeurs by ’n maatskappy in jou omgewing. Om vir hierdie beurs te kwalifiseer, moet jy ’n toespraak aan die direksie lewer waarin jy jouself bekendstel, hulle inlig wat jy beplan om te studeer en motiveer waarom jy verdien om hierdie beurs te ontvang.

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS